

Hersiening

- 1 Yolisha Handelaars se finansiële jaar einde is 28 Februarie elke jaar. Gebruik die inligting hieronder om die vrae wat volg te antwoord.

Inligting

Uittreksel van die INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28/29 FEBRUARIE

		20.9	20.8
Verkope*		720 000	480 000
Koste van verkope**		576 000	384 000

*Kredietverkope beslaan 40% van verkope **Krediet aankope is 50% van koste van verkope

Uittreksel van die BALANSSTAAT OP 28/29 FEBRUARIE

		20.9	20.8
Handels en ander debiteure		36 000	42 000
Kapitaal: Isha		100 000	100 000
Kapitaal: Yoli		80 000	70 000
Privaatrekening: Isha		46 520	25 000
Privaatrekening: Yoli		36 520	20 000
Ekwiteit		263 040	215 000
Nie-bedryfslaste		100 000	120 000
Handels en ander krediteure		40 000	35 000

ALGEMENE GROOTBOEK VAN YOLISHA TRADERS

BALANSSTAATAFDELING

PRIVAATREKENING: ISHA

Dt.						B3	Kt.
20.9				20.8			
Feb	28	Onttrekkings: Isha	AJ	Mrt.	1	a/b	25 000
		Saldo	o/b	20.9		AJ	25 000
				Feb	28	AJ	12 000
						AJ	3 000
						AJ	2 520
							67 520
				20.9			
				Mrt.	1	a/b	46 520

Dt.	PRIVAATREKENING: YOLI					B3	Kt.
20.9				20.8			
Feb	28	Onttrekkings: Yoli	AJ	Mrt.	1	Saldo	a/b
		Saldo	o/b				
			15 000	20.9		Salaris: Dolly	AJ
			36 520	Feb	28	Rente op kapitaal	AJ
						Vennootskapsbonus	AJ
						Verdelingsrekening	AJ
			51 520				
				20.9			
				Mrt.	1	Saldo	a/b
							36 520

Gevra

Bereken en lewer kortliks kommentaar op die volgende: Rond af tot een desimaal:

- 1.1 Bereken die totale verdienste van elke vennoot
 - 1.2 % gelewer op elke vennoot
 - 1.3 % opbrengs op vennote se ekwiteit
 - 1.4 Die skuldekwiteitsverhouding
 - 1.5 Debiteure-invorderingsperiode
 - 1.6 Krediteurebetalingsperiode
- 2 Die gegewe inligting verskyn, inter alia, in die boeke van TaFa Traders op 28 Februarie 20.9.

Inligting

Die gegewe inligting verskyn, inter alia, in die boeke van TaFa Traders op 28 FEBRUARIE 20.9

	R
Verkope	680 000
Koste van verkope	(450 000)
Ander bedryfsinkomste	2 800
Totale uitgawes	(157 800)

BALANSSTAAT OP 28 FEBRUARIE 20.9

	R
Kapitaal van vennote (29 Februarie 20.8)	200 000
Kapitaal van vennote (28 Februarie 20.9)	300 000
Nie bedryfslaste	160 000
Tasbare bates	220 000
Finansiële bates	20 000
Voorraad	120 000
Handels en ander debiteure	122 000
Kontant en kontant ekwivalente	24 000
Handels en ander krediteure	76 000
Trade voorraad	114 000

Gevra

Gebruik die gegewe inligting en bereken die volgende: (Rond af tot 2 desimale plekke)

- 2.1 Die brutowins as 'n persentasie van omset.
- 2.2 Die netto wins as 'n persentasie van omset.
- 2.3 Die opbrengs op vennote se ekwiteit. Lewer kortliks kommentaar op die resultate. Opbrengs op buite belegging is 8%.
- 2.4 Die likiditeitsverhouding (vuurproefverhouding). Lewer kommentaar.
- 2.5 Indien jy 'n bankbestuurder, sal jy gewillig wees om geld te leen aan TaFa Traders? Motiveer kortliks.
- 3 Die volgende inligting was verkry uit die boeke van Dumalang Stores teen die einde van die finansiële jare op 28 Februarie.

Inligting

Uittreksel uit die Inkomstestaats vir die jare geëindig 28 Februarie.

	20.9	20.8
Verkope	680 000	620 000
Koste van verkope	425 000	387 500
Netto wins vir die jaar	66 500	54 800

Uittreksel uit die Balansstaat soos op 28 Februarie

	20.9	20.8
Vennootskapekwiteit	500 000	300 000
Bedryfsbates	87 600	75 790
Trading inventory	45 860	39 110
Bedryfslaste (Handelskrediteure)	37 910	40 750

Addisionele inligting

- Vennoot Duma se verdienste vir 20.9 bedra R94 760
- Vennoot Langase verdienste vir 20.9 bedra R55 240
- Rente op belegging by bankinstellings wissel tussen 4% en 9%.

Gevra

Antwoord die volgende vrae. Toon al jou berekeninge. Antwoorde moet afgerond word tot twee desimale plekke.

- 3.1 Bereken die brutowins op kosprys wat Dumalang Stores gebruik vir 20.9 en 20.8
- 3.2 Bereken die:
 - Netto wins persentasie op verkope vir 20.9 en 20.8
 - Bruto wins persentasie op verkope vir 20.9 en 20.8
- 3.3 Lewer kommentaar op die winsgewendheid van Dumalang Stores. Bereken die opbrengs verdien deur elke vennoot vir 20.9
- 3.4 Bereken die opbrengs op ekwiteit vir 20.9.

- 3.5 Lewer kommentaar op die opbrengsverhoudings.
- 3.6 Bereken die bedryfsverhouding en vuurproefverhouding vir 20.9. Lewer kommentaar.
Die bedryfsverhouding vir 20.8 was 1,86 : 1
Die vuurproefverhouding vir 20.8 was 0,9 : 1.
- 3.7 Hoe lank sal die handelsvoorraad voorhande op 28 Februarie 20.9 hou?
Antwoord in dae. Die gemiddelde handelsvoorraad voorhande vir 20.8 was 32.4 dae.
- 3.8 Die debiteure s bedrag vir 20.9 is R37 690 en vir 20.8 was dit R32 410.
Bereken die gemiddelde debiteure invordering periode vir 20.9 indien 50% van alle verkope op krediet is.
- 3.9 Noem twee metodes wat 'n onderneming kan gebruik om hul debiteure te kry om vinniger te betaal.
- 3.10 Bereken die Krediteurebetalingskedge vir 20.9 indien 80% van aankope op krediet is.

Beroepe

Kredietkontrolleerder

Posbeskrywing: Kredietkontrolleerders word deur ondernemings indiens geneem om as tussenganger op te tree en om administratiewe pligte van huurkooptansaksies te doen. Op die wyse word die huurkoopstelsel bestuur op 'n georganiseerde manier en belange van beide die koper en verkoper beskerm. Kredietkontrolleerders is verantwoordelik vir die skep van rekeninge vir potensiële kliënte volgens die onderneming se kredietbeleid.

Wat is lekker in die werk? Jy maak 'n verskil om te verseker dat die onderneming finansiël solvent is en verseker dat rentekoerse op oortrokke rekeninge beperk word. Jy werk met mense.

Watter uitdagings is daar? Die uitdaging om elke dag met syfers te werk, die akkurate berekening van laste, die stres om met moeilike kliënte te werk en om berekende risiko's te neem is alles faktore wat die Kredietkontrolleerder se werk uitdagend maak.

Vereistes en opleiding: Nasionale Senior Sertifikaat is 'n minimum vereiste. Die tradisionele roete is indiensopleiding waar die persoon met behulp van meer senior personeel en personeel met ondervinding opgelei word. Sodoende ontvang die persoon indiepte kennis van die onderneming se kredietbeleid en -prosedures. Indien rekenaar en ander meganiese toestelle gebruik word, kan die persoon ook opgelei word om die spesifieke toerusting te gebruik.